# Psalm 103: Lofprysing word gebore uit die swaarkry van die lewe

**Leonard P Maré**[*]

**Departement Bybel- en Godsdienskunde**

**Universiteit van Johannesburg**

## Abstract

## Psalm 103: Praise is born in the crucible of life

***Psalm 103 testifies to the believer's experience of the love and mercy of God. The psalm teaches that believers should worship God for who He is and for what He has done. It is, however, important to note that the praise offered to God in Psalm 103 is not "cheap" praise, but praise born in the crucible of life. Christians also experience times of hardship and times of trouble. However, new birth and new life go hand in hand with the experience of pain. Difficult times thus become a birthplace for praise.***

## 1. INLEIDING

Psalm 103 spreek op 'n besondere treffende wyse van die gelowige se belewenis van God se goedheid en liefde. Die psalm wil aan gelowiges voorhou hoe God geloof moet word en waarom Hy geloof moet word. Lof word aan God gebring vir wie Hy is en vir wat Hy doen. God se karakter sowel as sy dade word voorgehou as motivering vir lofprysing.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die lof van Psalm 103 gebore is uit die swaarkry van die lewe. Daar word nie "goedkoop" lof aan God gebring nie. Dit is slegs iemand wat in nood verkeer het en deur God gered is wat Hom op hierdie wyse kan loof. Gelowiges se ervaring van die lewe is dat dit dikwels 'n pad is wat deur donker dieptes gaan voordat daar op 'n plek gekom word waar daar uitbundige lof aan die Here gebring word. Anders as wat die sogenaamde voorspoedsteologie leer, stap gelowiges vandag 'n pad met God wat soms wye draaie maak, 'n pad wat nie altyd met rose besaai is nie, 'n pad waar die bitter beker van pyn en smart, siekte en stryd, tot op die laaste druppel geledig moet word.

---

[*] Leonard Maré is 'n navorsingsassosiaat van die Departement Bybel– en Godsdienskunde aan die Universiteit van Johannesburg. Hierdie artikel spruit voort uit navorsing wat hy vir die graad D Litt et Phil aan die RAU (UJ) gedoen het met prof dr Johan Coetzee as promoter.

In die Kerk, en spesifiek ook in die teologiese tradisie waarin ekself staan, word daar vandag dikwels aan gelowiges voorgehou dat 'n Christen deur die toepassing van die geloofsreëls van die Bybel, kan verwag om altyd voorspoed en sukses te ervaar. Psalm 103 verkondig egter 'n ander boodskap, naamlik dat gelowiges ook die swaarkry van die lewe beleef, maar dat dit juis hierdie swaarkry is wat geboorte skenk aan nuwe lewe, en nuwe lof.

## 2. STRUKTUURANALISE

Psalm 103 kan in drie strofes verdeel word. Strofe 1 bestaan uit stiges 1b-5, strofe 2 uit stiges 6-18 en strofe 3 uit stiges 19-22. In sy geheel beskou, vertoon die psalm 'n chiastiese struktuur wat soos volg voorgestel kan word:

1b-5 6-18 19-22

Die digter begin die psalm in strofe 1 met 'n oproep tot lof wat aan Jahwe gebring moet word. Die motivering vir die lof hang saam met die aksies van Jahwe ter wille van die digter. Dit is opmerklik dat die redes vir die lof nie na spesifieke dade verwys nie, maar na Jahwe se optrede en karakter in die algemeen. Dit is tipies van die deskriptiewe psalms van lof.

In strofe 2 gee die psalmis 'n oorsig oor 'n hele aantal eienskappe van Jahwe, sowel as dade wat uit daardie eienskappe voortvloei. Hierdie eienskappe en dade dien uiteindelik ook as motivering vir die lof wat aan Jahwe gebring moet word. In strofe 3 word die digter dan so oorweldig deur die grootheid en die goedheid van Jahwe, dat hy nie anders kan as om opnuut uit te bars in lofuitinge voor die aangesig van God nie. Daar vind ook 'n ontwikkeling in die lofseksies plaas deurdat hy in die eerste strofe homself tot lofprysing oproep, terwyl die ganse koninkryk van God in die laaste strofe betrek word in hierdie lofverheffinge. Hierdie oproepe tot lofprysing omarm die middelste gedeelte waar die klem op Jahwe en die manifestasie van sy genade en sy goedheid val.

## 3. TEMAS IN PSALM 103

Daar is 'n hele aantal temas wat in Psalm 103 voorkom. Die oorheersende tema is dié van *lofprysing*, wat, soos die struktuuranalise aangetoon het, die psalm as 't ware omarm. Die digter rig sy oproep tot lof in die eerste plek tot homself. Hy moedig homself aan om God te prys (vgl Pss 42:6, 104:1, 146:1).

vp,n verwys dus hier na die “self” van die digter, sy lewe. “De zanger spreekt zichzelf toe in datgene wat fundamenteel is in zijn wezen: zijn vitale en emotionele bestaan” (Booij 1994:204). Die bedoeling is dus dat hy homself aanspoor om met sy hele wese aan God lof te bring. Hy loof die Here eerstens omdat Hy God is, en tweedens oor al sy weldade. Die weldade van die Here raak elke faset van sy lewe, daarom rig hy sy oproep tot lof aan sy vp,n.

Stiges 3-5 lys dan hierdie weldade van die Here: vergifnis van sonde, genesing, redding uit die dood, ’n kroning met liefde en barmhartigheid, die gee van ’n kwaliteitslewe, die vernuwing van sy jeug. Hy het die totaliteit van die digter se lewe verryk en vernuwe. Die vergifnis van sonde moet nie hier in een-of-ander abstrakte wyse verstaan word nie, maar dit gaan om die mens wat in siel, gees en liggaam gered en vernuwe is (Westermann 1989:239). Hierdie ses werkwoorde vertel ’n verhaal van herstel (Burden 1991:41), en dien as motivering vir die lofprysing wat die digter aan God bring. Dit is ’n lys wat dien as herinnering dat God elke moontlike tipe disoriëntasie oorwin (Brueggemann 1984:160). Hierdie dade van God mag nie vergeet word nie. “Vergeet” beteken nie hier “a slip of memory” nie, maar die doelbewuste ignorering van die goedheid van God (Anderson 1981:712).

Die woord wat hier vir prys gebruik word, Jr'B, word deur Kraus (1989:291) in navolging van Horst gedefinieer as “to acknowledge someone in his position of power and in his claim to high dignity with all due formality”. In die konteks van die lofpsalm, verkry die woord die betekenis van “laud, praise ... singing praises to honor someone” (1989:291).

Die digter spoor homself aan in die openingsreëls van die gedig om Jahwe te prys vir die grootheid van sy dade ten gunste van die bidder. In die kultiese gebruik van die psalm sou hierdie selfaansporing lei tot die deelname van die res van die gemeente aan hierdie lofverheffinge tot die eer van die Naam van die Here. Omdat die res van die gemeenskap van gelowiges ook dit ervaar het waarvan die digter getuig, sou hulle spontaan met hom hande gevat het in sy verheerliking van Jahwe, en hulle lofprysinge aangehef het.

In die laaste strofe (19-22) val die klem weer sterk op die tema van lofprysing. Jahwe verskyn hier aan die digter as die koning wat oor sy ganse skepping heers (vgl Ps 11:4). God as Koning is omring deur hemelse magte (vgl Pss 29:1, 148:1 e v). “They are messengers, servants, and warlike heroes who execute Yahweh’s work and will” (Kraus 1989:293). Hierdie engele en hemelse wesens word nou deur die psalmis opgeroep om aan die Here lof te bring. Uiteindelik word die hele skepping in hierdie lofprysing aan die Here betrek in stige 22, waar die hele sfeer van God se heerskappy, al sy werke (vgl Pss 19:2, 145:10), opgeroep word om saam met die digter hulle stemme

te verhef om die Here te loof. Weer eens word die woord Jr'B hier gebruik. Die gedig sluit dan af met dieselfde woorde waarmee dit begin het, wanneer die digter homself weer aanspoor om God te loof. Die hele skepping behoort betrokke te wees in lofprysing om aan die grootheid van God reg te laat geskied. Die lofprysinge van die engele en ander hemelse wesens, saam met die stem van die individu, word verhef om God se grootheid te besing in ’n magtige, universele koraal.

Die belangrike posisie wat hierdie tema in die psalm inneem word deur die struktuur van die gedig beklemtoon. Lofprysing aan God, deur die enkeling sowel as die ganse skepping, is die begin en die einde daarvan.

Die tema van *sondevergifnis* kom in stiges 3, 10 en 12 voor. In stige 3 word sondevergifnis voorgehou as deel van die motivering vir die lof aan Jahwe. Volgens Koehler en Baumgartner (1958:659) word die werkwoord jl's net van God gebruik. Die werkwoord beklemtoon dus die uniekheid van God se optrede. Dit is alleenlik Hy wat sonde kan vergewe. Die selfstandige naamwoord ]w[ het die betekenis van iets wat pervers is, en dui op ’n intensie wat nie ooreenstem met die wil van God nie (Kraus 1989:291). God vergewe die digter van hierdie bose intensies wat teenstrydig met sy wil is, daarvoor word Hy geloof.

Dit is opmerklik dat sondevergifnis die eerste van God se weldade is wat deur die digter genoem word. Dit spreek daarvan dat die digter deeglik bewus is van die feit dat daar geen verhouding met God moontlik is as daar nie vergifnis van sonde plaasgevind het nie. Sonde bring skeiding tussen God en mens. Die digter weet dat die fondasie vir sy geloofslewe daaruit bestaan dat God self hierdie skeiding oorbrug deur sy sonde te vergewe.

In stige 10 word hierdie tema verder belig wanneer die digter dit onomwonde stel dat God eintlik die mens vir hierdie verkeerde dade behoort te vergeld. Tog doen Hy dit nie. Hy is ’n barmhartige God, vol van liefde en genade wat die mens sy oortredinge vergewe, en nie met die mens handel volgens sy sonde (af]je) nie. Hierdie tweede woord wat die digter gebruik om die sonde van die mens te beskryf, hou die gedagte in van “faal” (Kraus 1989:292). Die genade en liefde van Jahwe is so groot, dat Hy nie die mislukkings van die mens straf nie, maar dit vergewe. “It is precisely because sin is the most shattering experience in his life that the poet is able to recognize the truth that God’s grace is greater than man’s sin and that his love is stronger than his anger” (Weiser 1962:661).

Die grootheid van God se vergifnis word deur stige 12 by wyse van ’n treffende beeld uitgespel: Hy verwyder die mens se oortredinge ([v'P) van hom af so ver as die Ooste van die Weste verwyderd is. [v'P beteken volgens Anderson (1981:255) rebellie teen God se outoriteit. Weiser

(1962:662) is van mening dat die terme Ooste en Weste hier na die sonsopkoms en sonsondergang verwys. Die beeld sou dan wees die tydsverloop vanaf sonsopkoms tot by sonsondergang. Myns insiens blyk dit egter dat die beeld na die afstand tussen Oos en Wes verwys. Hierdie afstand is in wese onbeperk, net so is God se vergifnis onbeperk.

Psalm 103 verklaar duidelik dat Jahwe 'n God is wat die sonde van die mens vergewe. Hy alleen kan dit doen. Dit maak nie saak hoe groot die sonde van die mens is of van watter aard sy sonde is nie, God se vergifnis is groter as enigiets wat die mens kan doen. Die verskillende woorde wat vir sonde gebruik word, dui waarskynlik hier op die verskillende vorme wat sonde teen God kan aanneem. Uiteindelik bely die digter dat daar geen sonde is wat groter is as God se vergewende krag nie. Die wete dat 'n mens se sonde vergewe is, dien as sterk motivering vir blydskap en lof (vgl Pss 32:1-2, 51:3-21).

Die tema van *genesing van siekte* kom voor in stige 3. Die digter beklemtoon die feit dat God alle siektes genees (vgl Eks 15:26; Deut 7:15). Die werkwoord ap;r is die normale woord vir genesing in die Ou Testament. Dit word soms in 'n figuurlike sin gebruik (vgl Ps 147:3; Jer 51:8-9; Anderson 1981:713). Hier in Psalm 103 moet dit duidelik in 'n letterlike sin verstaan word. Somtyds kon siekte die gevolg van sonde wees (vgl Ps 107:17-20). In daardie verband gesien sou die genesing van die siekte dan verstaan kon word as die uiterlike teken van die vergifnis van die sonde (vgl Anderson 1981:713; Kraus 1989:291). Dit beteken nie dat dit orals in hierdie sin verstaan moet word nie. Daar het baie stemme in Israel opgegaan om hierdie noodwendige verband tussen sonde en lyding te bevraagteken (vgl die boek Job). Die ervaring van siekte kan egter beskou word as 'n uitdaging teen God se liefde en genade en daarom is tot Hom om genesing gebid (vgl Davidson 1998:336).

Die tema funksioneer hier ook as motivering vir die lof wat aan God gebring moet word. Naas vergifnis van sonde, is genesing van fisiese krankhede sekerlik een van die sterkste motiewe vir lofprysing.

'n Volgende tema wat baie nou by die voorafgaande aansluit, is dié van *redding uit die dood* in stige 4. Die digter gee geen beskrywing van die nood wat so geweldig gedreig het dat hy die dood in die gesig gestaar het nie. Anderson (1981:713) dink aan een of ander siekte, wat hom by die dood laat omdraai het. Dit is sekerlik 'n sterk moontlikheid, maar enige ander tipe lewensgevaar kan nie uitgesluit word nie.

Dit is baie insiggewend dat dit juis die krisistye in die digter se lewe was, tye wat hy in doodsgevaar verkeer het, tye waar hy homself waarskynlik van God verlate gevoel het, wat nou vir hom die motief vir sy lof geword het.

Die hoogste lof aan God word dikwels gebore uit die grootste krisis en nood. Dit is net die persoon wat deur die smeltkroes van nood, selfs doodsgevaar gegaan het, wat God op hierdie wyse kan loof.

Die tema van *lewensvernuwing* word in stige 5 beskryf aan die hand van ’n treffende beeld. God vernuwe die mens soos ’n arend. Hierdie beeld moet waarskynlik verstaan word in die lig van Jesaja 40:31 (vgl Davidson 1998:336; Kraus 1989:291). Die arend is ’n simbool van jeugdige krag. Die digter bevestig dat wat ookal sy pad langs kom, hy het die bron van krag vir sy lewe leer ken. Dit is Jahwe wat sy lewe vernuwe en ’n nuwe vitaliteit aan hom skenk. Hierdie vernuwende krag wat Jahwe skenk, stel hom in staat om in nuwe oorwinning te kan leef. Daarvoor bring hy aan Jahwe lof.

*Die liefde van Jahwe* kom voor in stiges 4, 8, 11 en 17. Die omvang van Jahwe se liefde word veral beklemtoon. Dit kom tot uiting in die feit dat Hy ’n God is wat vergewe (stiges11-12). Allen (1983:22) verklaar ds,j hier as “pardoning love”. Hy skryf verder: “It took the form of fatherly forgiveness. Moved by the children’s woeful needs, it had banished beyond a far horizon the guilt of the sins which had caused those needs” (Allen 1983:22).

Die liefde van God durf egter nie misbruik word nie. Diegene wat hierdie liefde ontvang, moet dit beantwoord deur die Here te vrees (stiges 11, 13 en 17). In essensie is ds,j ’n verhouding van wedersydse verantwoordelikheid (Allen 1983:22). Jahwe se ds,j spreek van sy getrouheid en sy ewige verbintenis aan sy verbond. Die verbondsverhouding het egter nie net Jahwe tot bepaalde verantwoordelikhede verbind nie, maar ook die volk. As deelnemers aan die verbond, as ontvangers van die liefde van Jahwe, het hulle ook bepaalde verantwoordelikhede gehad wat hulle in die verbondsverhouding moes uitleef. Hulle moes Jahwe geëer en gevrees het in antwoord op sy liefde vir hulle.

Jahwe se ewigdurende liefde word gekontrasteer met die verganklikheid van die mens (15-17). Jahwe se liefde is ewigdurend, dit sal nooit ten einde gaan nie. Benewens sondevergifnis, kom Jahwe se liefde ook na vore in sy genesingskrag, in sy uitredding uit die dood, in sy betoning van reg en geregtigheid, in sy genade en barmhartigheid. Inderdaad is sy liefde vir die mens sterk motivering om Hom in aanbidding te loof.

’n Tema wat sterk by bogenoemde aansluit is dié van *Jahwe se barmhartigheid en genade* (stiges 4 en 8). Die stam µjr dui volgens Coppes (1980:842) op die sterk band wat tussen God en sy kinders bestaan. Hy bring dit dan in verband met Psalm 103:13 se beeld van God as Vader. Dit dui dus op ’n besondere intieme gevoel van erbarming en toegeneentheid van God teenoor sy kinders. Dit dui op die empatie wat God as Vader teenoor sy kinders ervaar en openbaar. God se barmhartigheid is ook ten nouste

verbonde aan sy liefde en genade. µjr "recalls in various situations that God's tender-mercy is rooted in his free love and grace" (1980:843).

Die stam ˆn:j word deur Yamauchi (1980:302) beskryf as "a heartfelt response by someone who has something to give to one who has a need". Dit is 'n pragtige beskrywing van God se optrede teenoor die mens, soos dit in hierdie psalm oorgedra word. Sy dade van redding, genesing en verlossing is die gevolg van sy genade. Sy beoefening van reg en geregtigheid, sy barmhartigheid, sy liefde, sy totale hantering van die mens, is die uitvloeisel van sy genade. Die adjektief ˆWNj (stige 8) is 'n beskrywing van Jahwe se dade van genade (:303). Alles wat in die psalm beskryf word, is die resultaat van die genade van God. Die aanbidder, wat dag na dag die onmeetbaarheid van God se barmhartigheid en genade in sy lewe ervaar, kan nie anders as om Hom daarvoor te loof nie.

'n Volgende tema in stiges 6 en 17 is dié van *Jahwe se reg en geregtigheid.* In stige 6 is diegene wat verdruk word die objek van Jahwe se hq;d;x en fP;v]mi. Die verdruktes is hier nie noodwendig 'n groepering binne die volk nie, maar die volk as geheel, wat inderdaad in gebondenheid was. Enigeen wat al verdrukking van watter aard ookal gesmaak het, kan troos vind in die woorde dat Jahwe sal toesien dat Hy reg en geregtigheid aan hulle sal laat geskied.

Jahwe se hq;d;x verwys eerstens hier na die *Heilsgeschichte.* "It is a magnificent attempt to understand history as a divine order in which man can place his trust" (Weiser 1962:661). Lamparter (1978:180) onderstreep hierdie gedagte soos volg:

> Die ganze Geschichte des Bundesvolks von der Zeit Moses bis zur gegenwart ist von der Gerechtigkeit des Herrn gestaltet und durchwaltet, wobei dieses Wort freilich einen viel umfassenderen Sinn und Inhalt hat, als dies in unserem heutigen juristischen Sprachgebrauch die Regel ist. Es vergegenwärtigt nicht allein den richtenden Gott in seiner ausgleichenden Gerechtigkeit, sondern den heilschaffenden Gott mit seiner zurechtbringenden Rettermacht.

Dit verwys verder na "the present expressions of God's faithfulness ... 'Righteousness' is no static attribute of Yahweh, but it manifests itself in such acts as help, deliverance, healing, forgiveness, etc." (Anderson 1981:714). Jahwe se geregtigheid word deur al sy dade van redding en verlossing ten behoewe van hulle wat in nood verkeer, bewys. Daarvoor, moet Hy geprys word.

fP;v]mi verwys na alle funksies van regering, nie net na die wetlike aspek nie (Culver 1980:948). Culver bespreek dan dertien aspekte van die betekenis van die woord soos dit in die Bybel gebruik word. In verband met die gebruik van die woord in terme van God se fP;v]mi, skryf hy in navolging van Koehler soos volg: "When therefore the Scripture speaks of the *mishpāt* of God ... the word has a particular shade of meaning and that is not so much just statutes of God as the *just claims* of God" (1980:949). God se fP;v]mi gaan dus om God se eis dat reg en geregtigheid moet geskied. Dit is primêr 'n attribuut van God self. Die bron van alle reg en geregtigheid is God self, daarom eis Hy ook dat mense dit moet beoefen. Die mens se aanbidding voor God, moet die beoefening van reg en geregtigheid tot gevolg hê (Kraus 1979:125).

Hier in Psalm 103 gaan dit spesifiek om *God* se beoefening van reg en geregtigheid. Die verdruktes kan dus verseker weet dat God aan hulle reg en geregtigheid sal laat geskied. Omdat Hy God is, en reg en geregtigheid in sy karakter gewortel is, sal Hy toesien dat dit gebeur soos Hy dit wil doen.

*Die lankmoedigheid van Jahwe* kom voor in stige 8-10 (vgl Eks 34:6; Num 14:18; Pss 86:15, 145:8). Hamilton (1980:72) verduidelik die idioom µyIP'a' Jr,a se letterlike betekenis soos volg: "... it reads: 'God is long of nose'. When he is angry, his nose becomes red and burns .... When he is compassionate his nose becomes long, so long, in fact that it would take forever to burn completely". In hoe 'n mate hierdie etimologiese betekenis in die gebruikstaal gegeld het, is te bevraagteken, maar dit verwys in elk geval na die feit dat God nie sommer net kwaad word nie, maar dat Hy lankmoedig en geduldig is. Hiervoor moet Hy ook geloof word.

God se lankmoedigheid word daarin bewys dat Hy nie vir altyd toornig op die mens is en 'n voortdurende regstryd met hom voer nie (9) en dat Hy nie die mens na sy ongeregtigheid vergeld nie. Hy is geduldig met die mens, omdat Hy weet dat die mens net stof is (14). Hy behoort eintlik die mens se sonde te straf (met die dood ooreenkomstig die wet) maar sy lankmoedigheid en genade is so oorheersend dat Hy vergifnis skenk (vgl Jes 54:7, 8). God se lankmoedigheid beteken dat Hy nie die sondaar in sy toorn oor sonde wil vernietig nie, maar dat hy die sondaar tot nuwe lewe en 'n nuwe verhouding met Hom wil herstel.

'n Volgende tema is *die nietigheid van die mens* (stiges 14-16). Die nietigheid van die mens word deur die digter voorgehou as die rede vir die genade en ontferming van Jahwe teenoor hom. Omdat Jahwe die mens ken, en Hy weet wat om van mense te verwag, daarom behandel Hy die mens met barmhartigheid en genade.

God is deeglik van die mens se nietigheid bewus, omdat hy die Skepper is. Hy weet dat Hy die mens uit die stof van die aarde geskape het (vgl Gen 2:7, 3:19; Job 4:19, 10:9, 34:15; Ps 90:3; Pred 3:20, 12:7). Omdat die mens uit stof gemaak is, is sy lewensduur ook beperk. Die digter gebruik twee beelde om hierdie verganklikheid te illustreer: die mens is soos gras, en soos 'n veldblom (vgl Job 14:2; Ps 90:5-6; Jes 40:6-8, 51:12), wat baie gou verwelk. Wanneer die wind daaroor waai, is dit gou-gou daarmee heen.

Tog bewys God sy genade juis aan hierdie verganklike skepsel. Die kontras tussen die mens (skepsel) se nietigheid en God (Skepper) se grootheid, word treffend beklemtoon. Vir hierdie betoning van sy genade, word Hy geloof. Die kontras tussen die mens se nietigheid en die onverganklike liefde van Jahwe kom sterk op die voorgrond. Hoe kan die nietige mens anders as om uit te bars in lofuitinge tot die eer van sy Skepper!

Die tema van *die vrees vir die Here* kom voor in stiges 11, 13 en 17 en word in stige 18 beskryf in terme van die mens se gehoorsaamheid aan God se verbond. Die vrees vir die Here spreek van daardie Godgegewe kwaliteit wat die mens in staat stel om God te eerbiedig en te respekteer, hom te onderwerp aan sy gesag, sy voorskrifte te gehoorsaam (Gen 22:12) en die kwaad te vermy (Spr 8:13, 16:6). Dit spreek van 'n onophoudelike toewyding aan Jahwe en sy wil, dit spreek van 'n voortdurende bewussyn van die realiteit van Jahwe. Dit is die beginsel (of beginpunt) van wysheid (Job 28:28; Ps 111:10; Spr 9:10), God het 'n welbehae in diegene wat Hom vrees (Ps 147:11), dit is 'n opdrag van God se Woord aan die mens (Pred 5:6, 12:13).

In Psalm 103 is diegene wat Jahwe vrees, die objek van sy liefde (11, 17) en sy ontferming (13), waarvoor Hy geloof moet word. Hulle is mense wat Jahwe se verbond met sy volk bewaar en hulle oordink sy wet met die oog daarop om dit in gehoorsaamheid aan sy wil uit te voer (18). Ware aanbidders is mense wat Godvresend is. Dit is 'n lewenskwaliteit wat die totale spektrum van die gelowige se verhouding met God omvat.

Om die ontferming van God teenoor diegene wat Hom vrees te illustreer, gebruik die digter die beeld van *God as Vader* in stige 13 (vgl Eks 4:22; Deut 32:6; Jes 1:2, 63:16; Jer 3:4, 19, 31:9; Hos 11:1-4; Mal 1:6, 2:10, 3:17). Die digter gebruik hierdie beeld om die dieptes van die aard van God se genade te ontgin. Die beeld word onttrek uit die persoonlike lewenservaring van die mens. Ware vaderlike liefde is altyd gereed om die kind met 'n sterk hand leiding te gee. Hierdie liefde sal die kind nooit verlaat of verstoot nie selfs wanneer die kind oortree. Dit is juis in omstandighede waar daar oortree word dat die empatie van vaderlike liefde op sy sterkste moet wees. Dit is presies hoe God se liefde en genade is. Wanneer die gelowige sondig, word

God se barmhartigheid en liefde bewys deurdat Hy vergewe, omdat Hy ook ’n Vader is (vgl Weiser 1962:662).

Die vaderskap van God behels nie hier ’n fisiese verwantskap nie, maar ’n sosiale verwantskap (Anderson 1981:715). ’n Mens sou dit selfs as ’n geestelike verwantskap kan beskryf. Dit gaan in hierdie verhouding van vader-seun om gehoorsaamheid aan God. Diegene wat Hom vrees is sy kinders, Hy is hulle Vader, en Hy ontferm Hom oor hulle.

Die tema van *gehoorsaamheid/bewaring van die verbond* kom voor in stiges 18, 20 en 21. In stige 18 is diegene wat die verbond bewaar en God se bevele uitvoer, die objek van sy liefde en sy geregtigheid. Hulle is dus niemand anders as diegene wat die Here vrees nie. Dit is diegene vir wie God ’n lewende realiteit is, wat God gehoorsaam is en Hom volg. Dit is hierdie mense wat God se lof in die psalm besing. Aanbidders is dus mense wat God gehoorsaam en sy bevele uitvoer.

Dit is egter nie net mense wat God se woord uitvoer nie, maar ook die engele is gehoorsaam om sy woord te volbring (20). Die engele omring skynbaar die hemelse troon en wag op Jahwe om sy wil uit te voer (Anderson 1981:717). Die term “magtige helde” is ’n hapax legomenon in die Ou Testament, en is ’n sinoniem vir engele (1981:717). Hulle word ook aangespoor om Jahwe te loof.

Die term “al sy leërskare” (21) verwys waarskynlik na die hemelse leërskare wat diens lewer aan Jahwe en sy wil doen (Anderson 1981:717). Al die hemelse wesens staan gereed om in gehoorsaamheid God te dien, sy bevele uit te voer, en saam met die ganse skepping die Here te loof. Weer eens is daar ’n duidelike verband tussen gehoorsaamheid aan God en lofprysing. Diegene wat die Here loof, mens sowel as engele en hemelse wesens, word opgeroep om sy wil te volbring en Hom gehoorsaam te wees.

Die tema van *Jahwe se heerskappy* kom in stiges 19 en 22 voor. Die omvattenheid van Jahwe se heerskappy word beklemtoon. Sy troon is in die hemel, sy heerskappy is oor alles (vgl Jes 6:1 e v). Daar is geen sfeer van die skepping wat nie voor die heerskappy van God moet buig nie. Hierdie besef van Jahwe se heerskappy bring die digter opnuut op ’n plek waar hy die Here loof. Trouens, op al die plekke van Jahwe se heerskappy, dit wil sê, universeel, moet Jahwe geloof word.

Daar bestaan ’n definitiewe verband tussen Jahwe se universele heerskappy en die universele lof wat aan Hom gebring moet word. Omdat Jahwe heers, omdat Hy koning is, omdat sy heerskappy oor alles is, daarom is die individu, saam met die ganse skepping aan Hom lof verskuldig. Lof is uiteindelik die enigste moontlike reaksie, wanneer die mens met die heerskappy van God gekonfronteer word. “No one can ever understand God’s

universal reign, it cannot be comprehended intellectually. It can only be spoken of as the author of this psalm speaks of it, in terms of awe and praise" (Westermann 1989:243).

## 4. SAMEVATTING EN KONKLUSIE

Die digter van Psalm 103 het op 'n baie besondere wyse die weldade van God teenoor hom ervaar. Daarvoor bring hy aan Jahwe lof. Die weldade van God verwys nie hier na 'n spesifieke daad nie, maar na God se goedheid in die algemeen. In sy verhouding met God, het die digter menigmaal, op verskillende tye en plekke en in verskillende situasies, God se goedheid teenoor hom ervaar. Stiges 3-5 lys ses weldade van God teenoor die digter: sondevergifnis, genesing, redding uit die dood, 'n kroning met liefde en barmhartigheid, die gee van 'n kwaliteitslewe, die vernuwing van sy jeug. Hierdie ervarings omsluit die totaliteit van die digter se lewe.

Hierdie ervarings word uiteindelik die motivering vir die lof wat die psalmis aan God bring. Hierdie seisoene van swaarkry mond uit in lofprysing. Dit was die donker tye van pyn en siekte, selfs die dreiging van die dood wat die bron geword het vir die lof wat aan God gebring word. Dit is duidelik dat hier gladnie sprake is van "goedkoop" lof nie, maar van lofprysing wat uit die smeltkroes van die lewe gebore is.

Burden (1991:45) is in die kol wanneer hy skryf dat hierdie psalm nie net as 'n danklied nie, maar ook as 'n belydenislied aangewend moet word om te verkondig dat dit Christus is wat ons sondes vergewe en ons siektes genees. Hierby kan 'n mens voeg dat dit ook Christus is wat uit lewensgevaar red, wat nuwe lewe gee, wat sy liefde, barmhartigheid en genade op talryke wyses in die lewe van die gelowige vertoon. Dit is Christus wat die totaliteit van die Christen se lewe vernuwe en verander. Hierdie getuienis het 'n besondere evangeliese funksie. Jesus Christus se liefde vir die mens eis immers wederliefde. Elke gelowige en die kerk in sy geheel behoort lofliedere soos Psalm 103 te sing om die krag van hulle getuienis, belydenis en verkondiging in hul eie lewe, in dié van die gemeente en in die hele wêreld te ervaar (vgl Burden 1991:45).

Psalm 103 spreek van die mens se ervaring van God se goedheid en liefde. God se goedheid en liefde is deur die digter ervaar in moeilike tye. Hierdie ervaring van die digter word gedeel deur gelowiges vandag. Net soos die digter homself aanspoor om Jahwe te loof vir sy liefde en genade, en dit uitkring totdat die engele en al God se werke ingesluit word in hierdie oproep tot lof, net so kan en moet dit vandag dieselfde funksie vervul.

Die lof wat die digter van Psalm 103 aan die Here bring is egter nie net gekoppel aan sy ervaring van God se handelinge met hom nie. Reeds in stige 1 word daar gesê dat ons sy heilige Naam moet loof. Jahwe word dus geloof, nie net vir wat Hy gedoen het nie, maar vir wie Hy is. Hy is God, en daarom moet Hy geloof word. Dit wat Hy vir die mens doen, vloei voort uit die feit dat Hy God is. Sy karakter word deur sy gunstige weldade ter wille van diegene wat Hom vrees en dien, gemanifesteer. Hierdie weldade word veral bewys in tye van swaarkry. Sodoende word tye van swaarkry die geboorteplek vir lof aan God.

## Literatuurverwysings

Allen, L C 1983. *Psalms 101-150.* Waco, TX: Word. (WBC 21.)

Anderson, A A 1981. *The book of Psalms Vol 2: Psalms 72-150.* Grand Rapids, MI: Eerdmans. (NCBC.)

Booij, T 1994. *Psalmen deel III: 81-110.* Nijkerk: Callenbach. (POT.)

Brueggemann, W 1984. *The message of the Psalms.* Minneapolis, MN: Augsburg.

Burden, J J 1991. *Psalms 101-119.* Kaapstad: NG Kerkuitgewers. (SBG.)

Coppes, L J 1980. µjr, 841-843, in Harris, Archer & Waltke.

Culver, R D 1980. fPv, 947-949, in Harris, Archer & Waltke.

Davidson, R 1998. *The vitality of worship: A commentary on the book of Psalms.* Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Hamilton, V P 1980. Jra,, 71-72, in Harris, Archer & Waltke.

Harris, R L, Archer, G L & Waltke, B K (eds) 1980. *Theological wordbook of the Old Testament,* 2 vols. Chicago, IL: Moody.

Koehler, L & Baumgartner, W 1958. *Lexicon in Veteris Testamenti Libros.* Leiden: Brill.

Kraus, H-J 1989. *Psalms 60-150,* tr by H C Oswald. Minneapolis, MN: Augsburg Fortress.

Lamparter, H 1978. *Das Buch der Psalmen II: Psalm 73-150.* 3.Aufl. Stuttgart: Calwer.

Weiser, A 1962. *The Psalms*, tr by H Hartwell. London: SCM. (OTL.)

Westermann, C 1989. *The living Psalms,* tr by J R Porter. Edinburgh: T & T Clark.

Yamauchi, E 1980. ֹnj, 302-304, in Harris, Archer & Waltke.